DIE PROVINSIE TRANSVAAL

PROVINCE OF TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

# Official Gazette Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. 210] PRETORIA, 25 SEPTEMBER 25 SEPTEMBER 1969 [No. 3409

No. 316 (Administrateurs-), 1969

## PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die provinsie Transvaal*

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Rangeview te stig op Gedeelte 122 ('n gedeelte van Gedeelte 15) van die plaas Roodekrans 183 IQ, distrik Krugersdorp;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel 20 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negentiende dag van September Eenduisend Negehonderd Negeen-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK, Administrateur van die provinsie Transvaal.

TAD 4/8/2709

### BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR FEDOKOR (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 122 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 15) VAN DIE PLAAS ROODEKRANS 183 IQ, DISTRIK KRUGERSDORP, TOEGESTAAN IS

### A—STIGTINGSVOORWAARDES

1. *Naam*

Die naam van die dorp is Rangeview.

2. *Ontwerpplan van die Dorp*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG A3956/68.

3. *Water*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(b) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van die water in (a) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur

No. 316 (Administrator's), 1969

## PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the Province of the Transvaal*

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Rangeview on Portion 122 (a portion of Portion 15) of the farm Roodekrans 183 IQ, District of Krugersdorp;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by subsection (4) of section 20 of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Nineteenth day of September, One Thousand Nine Hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK, Administrator of the Province of the Transvaal.

TAD 4/8/2709

### SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY FEDOKOR (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 122 (A PORTION OF PORTION 15) OF THE FARM ROODEKRANS 183 IQ, DISTRICT OF KRUGERSDORP, WAS GRANTED

### A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. *Name*

The name of the township shall be Rangeview.

2. *Design of Township*

The Township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG A3956/68.

3. *Water*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provisions for fire-fighting services, is available;

(b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above and the reticulation

die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig gaan word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van, of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, indien nodig, en die retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

(c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre Dienste*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater, en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Stortplek, Begraafplaas en Bantoelokasieterreine*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortplek en terreine vir 'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur, beperk word nie.

7. *Mineraleregte*

Alle regte op minerale en edelgesteentes word aan die applikant voorbehou.

thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in subparagraph (c) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights*

All rights to minerals and precious stones shall be reserved to the applicant.

8. *Stormwaterdreinering en Strate*

Die applikant moet 'n gedetailleerde skema volledig met planne, seksies en spesifikasies wat opgestel is deur 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, aan die plaaslike bestuur vir sy goedkeuring voorlê vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlik aangelegde werke, en vir die bou, teer, beranding en kanalisering van die strate daarin tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat deur plaaslike bestuur nodig geag word. Verder moet die skema 'n aanduiding gee van die roete en hellingshoek waarmee elke erf toegang verkry tot die straat waaraan dit grens.

9. *Sone-indeling*

Die dorp mag nie geproklameer word tensy die betrokke Dorpsaanlegskema gewysig is nie.

10. *Stormwaterdreinering en Straatbou*

(i) Die applikant moet aan goedgekeurde Skema met betrekking tot die stormwaterdreinering en straatbou in klousule A 8 hiervan genoem, op eie koste en vir en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoering gee en geen erf mag oorgedra word tot tyd en wyl die plaaslike bestuur die Registrateur van Aktes van die volgende voorsien het nie:—

(a) 'n Sertifikaat ten effekte dat bevredigende reëlings getref is ter voldoening aan bogenoemde vereistes;

(b) 'n waarborg ten effekte dat daar aan die vereistes van bogenoemde klousule voldoen is;

in welke geval die beperking verval.

(ii) Die strate moet tot voldoening van die plaaslike betuur name gegee word.

11. *Grond vir Staats- en ander Doeleindes*

Die volgende erwe soos op die Algemene Plan aangewys, moet deur die applikant op eie koste aan die bevoegde owerhede oorgedra word:—

(a) *Vir Staatsdoeleindes:—*

(i) Onderwys: Erwe 51 tot 53.

(b) *Vir munisipale doeleindes:—*

(i) As 'n park: Erf 82.

(ii) As 'n transformatorterrein: Erf 49.

12. *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van minerale regte.

13. *Nakoming van Voorwaardes*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 *bis* van Ordonnansie 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES

1. *Die Erwe met Sekere Uitsonderings*

Die erwe met uitsondering van—

(i) die erwe genoem in klousule A 11 hiervan;

(ii) erwe wat vir Staats- en Provinsiale doeleindes verkry word; en

8. *Stormwater Drainage and Street Construction*

The applicant shall submit to the local authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works, and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

9. *Zoning*

The township shall not be proclaimed unless the relevant Town-planning Scheme has been amended.

10. *Stormwater Drainage and Street Construction*

(i) The applicant shall carry out an approved Scheme relating to the stormwater drainage and street construction referred to in clause A 8 hereof at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority, and no erf shall be transferred until the local authority has either—

(a) furnished the Registrar of Deeds with a certificate to the effect that satisfactory arrangements have been made for compliance with the above requirements; or

(b) furnished the Registrar of Deeds with a guarantee to the effect that the requirements of the above clause have been complied with;

in which event the restriction falls away.

(ii) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

11. *Land for State and other Purposes*

The following erven as shown on the General Plan shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant:—

(a) *For State purposes:—*

(i) Educational: Erven 51 to 53.

(b) *For municipal purposes:—*

(i) As a park: Erf 82.

(ii) As a transformer site: Erf 49.

12. *Disposal of Existing Conditions of Title*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

13. *Enforcement of Conditions*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section 56 *bis* of Ordinance 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE

1. *The Erven with Certain Exceptions*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in clause A 11 hereof;

(ii) such erven as may be acquired for State and Provincial purposes; and

(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan die voorwaardes hierna uiteengesit, deur die Administrateur opgelê ingevolge Dorpsaanleg-ordonnansie, No. 11 van 1931.

(A) *Erwe aan 'n spesiale voorwaarde onderworpe*

Benewens die betrokke voorwaardes wat hierbo uiteengesit is, is die volgende erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

*Erwe* 4, 14, 17, 21 *en* 26.—Die erwe is onderworpe aan 'n serwituut vir dreineringsdoeleindes, 10 voet breed, ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.

(B) *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, ses voet breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voormelde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy na goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2. *Staats- en Munisipale Erwe*

As enige erf in klousule A 11 genoem of enige erf verkry soos beoog in klousule B 1 (ii) en (iii) hiervan geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad toelaat.

(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purpose for which such erven are required;

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance, No. 11 of 1931.

(A) *Erven subject to a special condition*

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following condition:—

*Erven* 4, 14, 17, 21 *and* 26.—The erven are subject to a servitude for drainage purposes 10 feet in width in favour of the local authority as indicated on the general plan.

(B) *Servitude for sewerage and other municipal purposes*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2. *State and Municipal Erven*

Should any erf referred to clause A 11 or any erf acquired as contemplated in clause B 1 (ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWING

Administrateurskennisgewing 1088 — 25 September 1969

### KRUGERSDORP-WYSIGINGSKEMA 1/41

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 89 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Krugersdorp-dorpsaanlegskema 1, 1946, te wysig, om ooreen te stem met die stigtingsvoorwaardes en die algemene plan van die dorp Rangeview.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Krugersdorp, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Krugersdorp-wysigingskema 1/41.

TAD 5/2/34/41

## ADMINISTRATOR'S NOTICE

Administrator's Notice 1088 — 25 September 1969

### KRUGERSDORP AMENDMENT SCHEME 1/41

It is hereby notified in terms of section 89 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Krugersdorp Town-planning Scheme 1, 1946, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Rangeview Township.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Krugersdorp, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Krugersdorp Amendment Scheme 1/41.

TAD 5/2/34/41

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat (Privaatsak 85), Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street (Private Bag 85), Pretoria